DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 24/2026 – 17 September 2026



"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JOHANNES 4: 13—14**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Reëlings vir die einde van die kwartaal

Menlo sluit op Woensdag, 23 September 2026 om 11:00.

## Raak betrokke

Volg die skakels vir meer inligting:

**Menlo-verfraaiingsprojek** & **Hardloop met Hart**

## Ed-admin

Kode:  599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Gratis studiekursus

Elke Maandag na die vakansie.

**Tyd:** 14:15—15:00

## Selfoonsluitkassies

Daar is sluitkassies vir selfone beskikbaar.

Die koste beloop R300 vir die res van die jaar.

Navrae: nicolene.vaneyk@menlopark.co.za

Volg die **skakel** vir die nuutste wintersportuitslae.

Volg die **skakel** vir die nuutste eisteddfoduitslae.

## Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Aanlyn fotobestellings

Miracles Photography is gereed om fotobestellings te ontvang van leerders wat nuut in die skool is of leerders wat tydens die vorige fotosessie afwesig was. Vir ouers se gerief word bestellings aanlyn geplaas. Volg gerus die skakel om die Menlo-album te besigtig.

**Wagwoord: Menlo2026**

**Toegang tot die fotolyste**

1. Volg die **skakel** om die galery oop te maak.
2. Klik op u kind se klasfoto.
3. Voltooi u e-posadres.
4. Plak die wagwoord in die toepaslike spasie.
5. Klik op *Open*.

**Bestellings**

1. Blaai deur die fotogroepe en klik op die ♥ op die foto wat u wil bestel.
2. Klik op die klein inkopiemandjie-ikoon in die boonste hoek van die bladsy.
3. Maak 'n keuse uit die volgende opsies: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutelhouers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**

1. Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).
2. Verskaf u e-posadres, die kind se naam en die kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.
3. Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. As die een nie werk nie, probeer asseblief die ander.

**Aflewering**

1. Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.
2. Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.
3. Sluitingsdatum vir finale bestelling: Woensdag 30 September 2026.
4. Digitale foto's sal na die sluitingsdatum steeds aanlyn beskikbaar wees.

**Navrae**

Karen van Miracles Photography
karen@miraclesphoto.co.za / 082 899 0358

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Ons skryf dieet, finansieel en prieel sonder 'n deelteken.

Die afleidings diëte, finansiële en priële word met 'n deelteken geskryf.

(Bron: Viva Taalwenk )



## Menlo-brokkie uit die verlede

5 September 1972

Die Menlo-swembad is deur die skool se eerste permanente hoof, mnr. G. P. van Zijl, geopen.

# AMFI-AKSIE

## MENLO-ONNIES HARDLOOP MET HART



Nagenoeg 50 Menlo-onderwysers sal hulle klaskamers op 24 Oktober vir die pad verruil om aan die aQuellé Jacaranda Padwedloop deel te neem. Die doel van die projek is om geld vir die Menlobond se Omgeefonds in te samel om Parkies in nood te ondersteun.

Ofskoon die Menlo-onderwysers dikwels die ekstra myl loop, gebeur dit gewoonlik nie met draftekkies tydens ‘n padwedloop nie, maar teen hierdie tyd is dit algemene kennis dat ***geen*** Menloparker vir ‘n uitdaging skrik nie.

As motivering vir ouers en Parkies om fondse vir hierdie verdienstelike projek te skenk, het Sealand die skool met ‘n afslagkaart bederf. Die afslag is geldig tot 31 Oktober 2026.

Volg die **skakel** om ‘n Omgeefonds-donasie te maak.






# AKADEMIE

## UITSLAE: NOORD-GAUTENG-WETENSKAPEKSPO

Die Menloparkers het oudergewoonte uitstekend gevaar by die Imbewu Noord-Gauteng-wetenskapekspo.

**Ystertoekennings**

Chanté van Tonder, Wehann Snyman & Kiara de Beer.

**Bronstoekennings**

Isabella van der Merwe, Elizabeth de Kramer, Milané Botha, Christiaan van Wyk, Ruan Pretorius, Georgia Fitzroy, Steffan Ferreira, Ayva Potgieter, Linmari Kirkpatrick, Alexi Engelbrecht, Rubert Pieters, Inge Schoeman, & Juan Erasmus.

**Silwertoekennings**

Reuben Gradwell, Xander de Lange, Hein van Brummelen, Liam Senekal & Lana Swanepoel.


**Goue toekennings**

Ryan Cooke Theron, Lieschen Raath, Gabrielle Mokrane & Mignon Meyer.


**Spesiale toekennings**

| | |
|---|---|
| Lana Swanepoel | Beste gebruik van Afrikaans in 'n projek |
| | R700 (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) |
| Gabrielle Mokrane | Naasbeste in die kategorie vir aard- en omgewingswetenskappe |
| | R700 SAAB/AMPATH |
| | Algeheel 9de beste projek |
| | HP-skootrekenaar ter waarde van R5 000 |
| Mignon Meyer | Beste gebruik van Afrikaans in 'n projek |
| | R700 (SA Akademie vir Wetenskap en Kuns) |
| | R700 SAAB/AMPATH |
| | Naasbeste in die kategorie vir lewenswetenskappe |
| | Algeheel 4de beste projek |
| | Apple MacBook AIR ter waarde van R15 000 |












# AKADEMIE

## PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND



### INTERNATIONAL OLYMPIAD IN INFORMATICS (IOI)

Erik Senekal was vanjaar lid van die SA span wat aan die International Olympiad in Informatics in Oesbekistan deelgeneem het.

Daar is van deelnemers verwag om ses probleme in tien uur — twee sessies van vyf uur elk — op te los. Erik het die Suid-Afrikaanse kwartet se naam hooggehou deur eervolle vermelding te ontvang.

Welgedaan!



### WÊRELD ROBOTIKA OLIMPIADE

Juan Erasmus het 'n tweede plek by die WRO se nasionale kompetisie behaal en sodoende gekwalifiseer om Suid-Afrika in Puerto Rico te verteenwoordig.

## FRANSE FLIEKAAND—PRET PAR EXCELLENCE

Wat is beter as 'n goeie fliek? 'n Franse fliekaand in pajamas, natuurlik! Die Graad 11-Franse komitee het die ouditorium verlede week in 'n gesellige bioskoop omskep vir die fliekaand wat vir die junior Fransleerders aangebied is. Die geur van springmielies en pryse vir die beste pajamapakkies het verseker dat almal die aand behoorlik geniet het, maar die hoogtepunt was die skreeusnaakse Franse komedie, *Supercondriaque,* deur Danny Boon. Ons maak gou weer so!








# KULTUUR






## MENLOVARIA-WENNERSKONSERT

Die eerste tekens was subtiel... gedemp: 'n Harmonie wat pouse geneurie word, 'n voet wat saggies op die maat van Wiskunde stamp en sketse van suikerhuisies wat versigtig tydens periodes gesirkuleer word. Ofskoon niemand onraad vermoed het nie, was dit teen die einde van Augustus duidelik: Daar is 'n kulturele revolusie op Menlo-bodem aan't broei en die talentvloed is onstuitbaar.

Die prop is verlede week tydens die Menlovaria-wennerskonsert gelig om 'n bruisende fontein van deelname en entoesiasme in die AfriForum Teater los te laat. Dit is hier waar talent vrye teuels het om die oë te betower, die ore te bekoor en die gehoor te verstom.

Teatergangers is met die intrapslag deur skilder- en tekenkuns verras en toe die gordyn oplaas lig, het die gewig van Menlo-talent die planke laat knars. Genres is geskommel om die gehoor aan die raai te hou, terwyl die kwinkslae van die seremoniemeesters gesorg het dat Menlo-lagspiere enige fiksheidstoets sou slaag.

Baie dankie aan me. Holly Vorster en haar bekwame span vir 'n verskeidenheidskonsert met verskeidenheid. Die bydrae van Menlo se kunsdepartement kan nie geringgeskat word nie en daarvoor rig die skool 'n spesiale woord van dank aan me. Mariana de Klerk en me. Ilze van Niekerk.

Daar was nie 'n enkele lid van die gehoor wat nie deur die kaleidoskoop van talent gehipnotiseer is nie.

Njannieskapêla!

# LEIERSKAP

## PARKIERAAD: 2026/2027



**Parkieraad**

**Graad 9**

Dogters: Anabelle Beetge, Elzette Beetge, Illa Botha, Mila de Beer, Jana de Kock, Suzaan Esterhuyse, Zoë Eysele, Linmari Kirkpatrick, Leia Mentz, Emke Pieterse, Inge Schoeman, Giselle van Heerden, Adeleen van Rensburg, Isabelle Wannenburg & Chloë-Ann Jordaan.

Seuns: Coenie Bothma, Strauss Coertze, Jewan Coetzee, Pieter Coetzer, Jan du Toit, Burger Duvenage, Henk Jansen van Rensburg, Christiaan Knoetze, Caleb Muller, MW Pretorius, Paul Ralph, Jak Snyman, Bernard Theron, Waldré van der Merwe & Hein van Brummelen.

**Graad 10**

Dogters: Clara Blignaut, Miané Campher, Lua Coetzee, Emily de Jager, Alexi Engelbrecht, Kayra Grobler, Li-Ané Haasbroek, Genell Roode, Diandi Snyman, Shiloh Stelfox, Lana Swanepoel, Chanté van Tonder, Nina Viljoen, Keilah Visser & Zanda-lee Brink.

Seuns: Nathan Atkins, Liam Coertzen, Jean de Villiers, Emile Erasmus, Liam Kannemeyer, Anton Lourens, MJ Mclaren, Logan Roode, Ryan Roos, Wehann Snyman, Jo van de Vyver, Fourie van der Merwe, Heinrich Vögel, Max Wilkins & Jano Serfontein.

**Graad 11**

Dogters: Lienka Botha, Lara Burger, Sophia Davies, Zea de Villiers, Vené Eloff, Leané Gerber, Lané Heystek, Lyla Hutton, Janelle Kirkpatrick, Lara Moolman, Maia Smit, Alé Theron, Zoey van Rooyen, Danielle Venter & Ava van der Linde.

Seuns: Nathan Bennett, Reon Cloete, Heinrich Coertze, Anton de Klerk, Jan Engelbrecht, Liam Fryer, Arno Hartman, Mathys Knoetze, Dylan Kraamwinkel, Heinz Kunzmann, Jacques Malan, Jacobus Nieman, Wihann Schalekamp, Niël van Zyl & Kian Muller.

**Voorsitter** Liané de Wet
**Ondervoorsitter** Gustav Grosskopf

# LEIERSKAP

## MEDIALEIERS: 2026/2027

Baie geluk aan die leiers vir 2026/2027 wat me. Stella Visser in die mediasentrum sal bystaan.

Danika Gouws,
Gabrielle Mokrane,
Mia-leigh Strydom,
Emma Pohl,
Serelda Potgieter,
Jeanté van der Merwe,
Skye-Marie Visser,
Katrien Mahne,
Anabelle McIntyre
en Alexander Uhlig (afwesig)



# MUURBAL

## MENLO-INTERSKOLETOERNOOI

**Menlo-spanne**

Menlo A

Menlo B

Menlo-uitnodigingspan

**Deelnemende skole**

Hoërskool Zwartkop

Pretoria Boys High School

St Dunstan College

Westville Boys High School

Sterkte vir die nuwe seisoen!



# KRIEKET

## UITSLAE




**Menlopark o. 14 A teen PBHS o. 14 A**
Menlo 208/9 (Logan le Roux 53, Kyle Snyman 21)
PBHS 209/6 (Stephen van Rensburg 3/47)
PBHS wen met 4 paaltjies in die laaste boulbeurt.

**Menlopark o. 15 A teen PBHS o. 15 A**
PBHS 190/6 (LJ Janse van Rensburg 2/29)
Menlo 191/9 (Dandries Verster 51, LJ Janse van Rensburg 39)
Menlo wen met een paaltjie.

**Menlopark o. 15 B teen PBHS o. 15 B**
PBHS 106/6 (Stephan Putter 2/14)
Menlo 110/3 (Erich Esterhuyse 34, Nicholas le Roux 36*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

**Menlopark o. 14 D teen Tyger Valley o. 14 A**
Menlo 128/4 (Tiaan Jansen 38*, Luka Marx-Pienaar 27*)
Tyger Valley 123/8 (Rianco Jacobs 2/12, David Uys 2/15)
Menlo wen met 5 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Affies 3de XI**
Menlo 189 almal uit (LJ Janse van Rensburg 48, Logan Roode 81)
Affies 190/4
Affies wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 2de XI teen Affies 2de XI**
Menlo 163 almal uit (Ben Schomper 44, Dandries Verster 35)
Affies 164/4 (Corrie Botha 2/51)
Affies wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI teen PBHS 1ste XI**
PBHS 137 almal uit (Murray Hofmeyr 3/44, Jan-Willem Pienaar 2/14)
Menlo 141/4 (Monré Koekemoer 54*, Jacques de Villiers 26*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark 5de XI teen Centurion 3de XI**
Centurion 128 almal uit (Armin Havenga 3/25)
Menlo 109 almal uit (Werner Potgieter 23, Aiden Smith 21)
Centurion wen met 19 lopies.

**Menlopark 6de XI teen Garsfontein 5de XI**
Garsfontein 46 almal uit (Arno Hartman 5/14)
Menlo 47/2 (Jacques Malan 23*)
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark o. 15 A teen Cornwall Hill o. 15 A**
Cornwall 125 almal uit (Arnu Grové 4/21, Dandries Verster 3/18)
Menlo 126/3 (Dandries Verster 40*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

**Menlopark o. 15 B teen Midstream College o. 15 B**
Midstream 56 almal uit (Sion van Jaarsveld 4/13)
Menlo 61/1 (Erich Esterhuyse 29*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

# BERGFIETS

## UITSLAE: 5DE CYCLE LAB-RESIES

**Sub Junior Boys**
Marius Fischer 10de

**Youth 15 Boys**
LJ van der Westhuizen 5de
Neil Botha 6de
Jayden Pieterse 8ste

**Youth 16 Men**
Wihann Schalekamp 10de

**Youth 17 Men**
Jaco Aldum 3de

**Youth 16 Women**
Kara du Plessis 10de

**Youth 17 Women**
Katrijn Botha 6de
Zelia Küsel 8ste

**Junior 18 Women**
Caitlin Read 7de




# LANDLOOP

## UITSLAE: ASA-LANDLOOPKAMPIOENSKAP

| | | |
|---|---|---|
| Bianca Stoltz | O. 17 | Silwer: 4 km<br>Goud: 2 km |
| Leon Stoltz | O. 20 | Brons: 8 km<br>Silwer: 2 km |
| Tommie Cronjé | O. 15 | 10de |
| Leo Wybenga | O. 14 | 11de |
| Jané Sieberhagen | O. 14 | 8ste |
| Anneke Steynberg | O. 16 | 23ste |
| Waldo Meadon | O. 16 | 60ste |



# ATLETIEK

## PARKIES OP PAD NA OLIMPIESE JEUGSPELE

Baie geluk aan die volgende Menlo-atlete wat Suid-Afrika  in November by die Olimpiese Jeugspele in Dakar sal verteenwoordig.

| | |
|---|---|
| Janelle Kirkpatrick | 100 m-hekkies |
| Megan Nieman | 400 m-hekkies |
| Shiloh Snijders | Diskus |







## TUT SE TOP-12-BYEENKOMS

**Seuns**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Waterkloof
3. Curro Hazeldean

**Dogters**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Afrikaanse Hoër Meisieskool
3. Hoërskool Waterkloof

**Algeheel**

1. Die Hoërskool Menlopark
2. Hoërskool Waterkloof
3. Hoërskool Montana







DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# Hardloop met Hart!

## Jacaranda-wedloop: 24 Oktober 2026

### 5 km / 10 km / 21,1 km / 42,2 km

## Ons hardloop vir die Parkies!

- Menlo se onderwysers sien daarna uit om aan die Jacaranda-wedloop deel te neem om fondse vir die Parkies in te samel.
- Die inisiatief vind in samewerking met die Menlobond plaas.
- Donasies van meer as R2 500 kwalifiseer vir 'n 18A-sertifikaat.
- Die doel van die **Hardloop met hart**-inisiatief is om Parkies in nood te ondersteun.
- Menlo-personeel werk saam: **Een span. Een doelwit.**
- Ouers, leerders, oud-Parkies en die Menlo-gemeenskap word uitgenooi om die inisiatief te ondersteun.
- Enige bydrae sal 'n verskil maak.

Scan here for more information

Skandeer hier vir meer inligting

**BETALINGSOPSIES: Verwysing vir al 2 betalingsopsies: RUNvoorlettervan**

OF

**EFO-besonderhede**
**Menlobond NPC**
**NEDBANK**
**Rek Nr: 120 683 6555**
**Tak: Menlyn Maine**
**Takkode: 151745**

MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

aQuellé JACARANDA CITY MARATHON CHALLENGE 26


# PARKIE ENTREPRENEURS














BESPORED.
CUSTOM KEYBOARDS
BUILT TO FEEL DIFFERENT.
Custom builds · Keycaps · Cleaning & lubing
bespored.co.za
WhatsApp Jean: 076 024 7628


LAAG VIR LAAG
JOU IDEE.
ONS PRINT DIT.
Van konsep tot werklikheid –
laag vir laag gebou vir jou.
UNIEK & PERSOONLIK
PRESIES & BETROUBAAR
VERSNEL JOU PROJEKTE
DUURSAAM & STERK
DROOM DIT.
ONS PRINT DIT.
Maak jou idee 'n werklikheid.
KONTAK ONS VANDAG!
071 361 8419
LAAG VIR LAAG 3D PRINTING

# MARKPLEIN


INTERNATIONAL
HOTEL SCHOOL
Sluit aan
By meer as 30 000 suksesvol aangestelde gegradueerdes
Studeer gasvryheidsbestuur, kulinêre kuns of kruisvaartdienste.
Voltydse, deeltydse of aanlyn graad-, diploma- en hoër sertifikaatprogramme beskikbaar.
Opedag
BESPREEK NOU
SKANDEER NOU
Gradueer werkgereed; ons programme bied ongeëwenaarde praktiese werkservaring.
30 YEARS
Meer as 30 jaar gevestig, wat jou die beste reputasievoorsprong bied.
Ons bied nasionaal geregistreerde en internasionaal erkende kwalifikasies aan.
www.hotelschool.co.za
Benoni | Kaapstad | Durban | Gqeberha | Johannesburg | Pretoria | Wesrand


evening
WARDROBE
Your matric farewell dress
is waiting right across the street
Evening Wardrobe has one-of-a-kind matric farewell gowns ready for you to fit, fall in love with, and make unforgettable memories in.
Book your appointment today
WWW.BRIDALWARDROBE.CO.ZA
IG: @EVENING_WARDROBE


OPPI DORP FEES 2026
BRONKHORTSTSPRUIT RUGBY KLUB (MELKWEG PUB & GRILL)
KURT DARREN
JUANITA DU PLESSIS
EARLY B
DEMI LEE MOORE
SNOTKOP
JUAN BOUCHER
BERNICE WEST
DIRK VD WESTHUIZEN
KAREN ZOID
DANNY SMOKE
30 – 31 OKTOBER 2026
32 OLIFANT CRESCENT, BESTER PARK, BRONKHORSTSPRUIT, 1020
BIERTUIN / STALLETJIES / KINDER VERMAAK / KARNAVAL
RICUS NEL
BLACKBYRD
BARTO SWIEGERS
LIEZEL PIETERS
RIAAN BENADE
FRANJA DU PLESSIS
GERHARD STEYN
OPPI DORP FEES
FATMAN
JAKKALS VIBES
DAG KAARTJIES / NAWEEK KAARTJIES / VIP KAARTJIES
KAARTJIES BESKIKBAAR BY DIE HEK EN AANLYN BY QUICKET
www.oppidorpfees.co.za


Photoshoot
VENUE HIRE
Rodene House offers timeless architecture, elegant interiors, and charming outdoor spaces that create the perfect setting for photoshoots
FAMILY | MATERNITY | LIFESTYLE | MATRIC FAREWELL
RODENE HOUSE
109 RODENE ROAD, LYNNRODENE, PRETORIA
LYNNWOOD MANOR
admin@rodenehouse.co.za
082 378 2884


PRESS PLAY SHUTTLES
PREMIUM SHUTTLE SERVICE
COMFORT. SAFETY. STYLE.
ARRIVE IN STYLE MAKE AN ENTRANCE
SAFE & RELIABLE
PUNCTUAL SERVICE
PROFESSIONAL DRIVERS
MATRIC DANCE
ARRIVE IN STYLE. LEAVE WITH MEMORIES.
Make your matric dance a night to remember with our luxury shuttle service.
OUR PREMIUM FLEET
A FLEET OF LUXURY CARS FOR YOUR MATRIC DANCE
Lamborghini
ULTIMATE LUXURY. UNFORGETTABLE ARRIVAL.
Mercedes-Benz
TIMELESS ELEGANCE. PRESTIGE ON WHEELS.
BMW
PERFORMANCE. STYLE. EXCELLENCE.
FORD MUSTANG
AMERICAN ICON. PURE THRILL.
PORSCHE
LEGENDARY PERFORMANCE.
Audi
SOPHISTICATION MEETS POWER.
VW
ICONIC. RELIABLE. STYLISH.
AND YOU NAME IT...
WE HAVE THE ULTIMATE FLEET.
WE HANDLE THE RIDE SO YOU CAN FOCUS ON THE MOMENT.
PERFECT FOR:
MATRIC DANCES
AFTER PARTIES
SPECIAL EVENTS
PHOTO SHOOTS
ANY OCCASION
BOOK YOUR RIDE TODAY
061 454 5967 | 069 529 4640
PRESS PLAY SHUTTLES – YOUR JOURNEY, OUR PRIORITY